# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 20



# God se Spesiale Dag

## Ek kan teks Lees

**"Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie. Daarom is Jesus, Here ook oor die Sabbat."**
**— Markus 2:27, 28**

## My Storie


Pa staan in die deuropening van my slaapkamer en glimlag. "Weet jy watter dag môre is?" Het hy gevra.
Ek het geglimlag. "Ja ek doen. Môre is Dinsdag. "
My pa het geknik. "En iemand het 'n verjaarsdag. Weet jy wie het 'n verjaardag môre? "
"Ma?" Het ek gevra.
"Nee sê Pa"
"Jessica?"

“Nee sê Pa."
"Abraham Lincoln?"
Pa frons. "Sy verjaarsdag is nie vir nog drie maande nie."
"Wel," het ek gesê. "Dit laat net een persoon oor in ons familie wat dalk 'n verjaarsdag mag hê. EK! " My pa het op die bed gaan sit en gesug. "Jy het jou verjaardag verlede maand gehad," het hy gesê. "Onthou jy? Ek het vir jou 'n sleepboot gegee wat in die dam gesink het soos 'n klip."
Ek het gelag. "Moenie bekommerd wees nie, pappa," het ek gesê. "Ek was net besig om jou te terg. Ek weet dit is jou verjaarsdag môre. En ek het al klaar vir jou ‘n geskenk gekoop. Dit is iets waarvan jy regtig sal hou. "
Pa glimlag. "Ek is lief vir my verjaarsdag," het hy gesê. "Ek hou daarvan om geskenke te kry en koek te eet. Dis soos Sabbat. "
“Sabbat?" Het ek gevra. "Hoe is 'n verjaarsdag soos die Sabbat?"
My pa het 'n oomblik gedink. "Wel, dit is 'n dag om 'n spesiale persoon te onthou." "Ons onthou God op die Sabbat, reg?" Het ek gevra.
"Ja. En ons bring geskenke van tiendes en offergawes. Ons almal kom bymekaar en sing, en daar is gewoonlik kos - soms selfs 'n koek. O, en in plaas van iemand wat een jaar ouer word, vier ons die feit dat Jesus hierdie wêreld geskep het en dat ons een week nader is aan wanneer Hy sal terugkeer om ons almal na die hemel toe te neem.” "Haai, dit is reg, Pa," het ek gesê. "In die Sabbatskool speel ons speletjies en lees oor Jesus uit die Bybel. Elke Sabbat trek ons, ons beste klere aan, net soos wanneer ons gaan na 'n verjaarsdagpartytjie. Sjoe. Sabbat is soos 'n viering vir 'n spesiale persoon. "Het ek geglimlag. "Miskien moet ek vir Jesus hierdie geskenk gee wat ek besig is om toe te draai. Dink jy Hy benodig 'n nuwe rooi das?” “Rooi?” Het Pa gesê. “Haai, dit sal goed pas saam met my grys pak!" 'Ma het gesê dit sal.' Pa het geglimlag. "Jesus het nie 'n nuwe rooi das nodig nie. Ek dink hy dra meestal wit." Ons het na mekaar gekyk, en toe uitgebars van die lag. Ek is lief vir die viering van my pa se verjaardag elke jaar. Nou sien ek uit om tyd saam met my hemelse Vader ook te spandeer elke sewe dae wanneer ons vier wat Hy lank terug al vir ons gedoen het, en wat Hy binnekort gaan doen.

Gebruik die daaglikse kalender hieronder om te beplan wat jy elke week gaan doen.

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | SABBAT |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

Lees Genesis 2: 2, 3 in die **BIBLIOTEEK**. Let daarop dat sommige van die woorde vetgedruk is. Nadat jy die teksvers hardop gelees het, vind die vetgedrukte woorde in die woord legkaart hier onder en trek 'n sirkel om hulle.



| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | T | F | G | D | R | W | E | R | K |
| U | E | Y | E | E | O | E | T | E | Z |
| S | G | E | R | E | E | L | D | E | H |
| D | N | A | U | A | E | R | C | L | P |
| A | W | D | S | V | O | S | A | I | P |
| G | E | H | E | I | L | I | G | H | I |
| Y | Y | S | T | O | N | E | O | E | N |
| S | E | W | E | N | D | E | D | A | G |
| E | O | D | E | S | H | C | V | W | Y |
| R | L | T | G | E | D | O | E | N | E |

God het gesê dat die Sabbat iets spesiaals was tussen Hom en Sy mense. Lees Exodus 31:17 noukeurig in die **BIBLIOTEEK** en beantwoord die vrae hieronder.

Sabbat is 'n ________________ tussen God en Sy mense die Israeliete.

Hoe lank is dit veronderstel om te hou? _________________

Wie het die hemel en die aarde gemaak? __________________

Wat het Jesus gedoen op die sewende dag van skepping?

________________



## My Gebed

**Dankie, God, vir die Sabbat as teken dat U die Skepper van alles is. Elke week gaan ek U liefde vir my vier deur U Sabbat heilig te hou. Amen.**

## Biblioteek

- "Op die **sewende dag** was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy **gerus** na al die **werk** wat Hy gedoen het. Hy het die sewende dag as **gereelde rusdag geheilig**, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy **gedoen** het." **(Genesis 2:2, 3).**

- "Dit sal vir altyd 'n teken wees tussen My en die Israeliete. In ses dae het Ek, die Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie, maar gerus." **(Exodus 31:17).**

## My Vriend Ellen Skryf

***"Deur die Sabbat te hou, moes die Israeliete [verskillend] wees van al die ander nasies as die aanbidders van die ware God, die Skepper van die hemel en die aarde" (The Southern Watchman, 28 Junie 1904).***

Wanneer ons die Sabbat heilig hou, wys ons vir ons vriende en bure dat ons eer en lief is vir God en sy pragtige skepping.

### muntstuk vir jou gedagtes

**Wat is jou gunsteling deel van die Sabbat rus?**

**Wat is van die aktiwiteite wat jy geniet?**